*Regulation Gazette* **No. 10826** *Regulasiekoerant*

**Vol. 635** **11 May / Mei 2018** **No. 41622**

**IMPORTANT NOTICE:**

**THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.**

**NO FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.**

## Contents

| No. | | Gazette No. | Page No. |
|---|---|---|---|
| | GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS | | |
| **Agriculture, Forestry and Fisheries, Department of/ Landbou, Bosbou en Visserye, Departement van** | | | |
| R. 482 | Agricultural Pests Act (36/1983): Importation of Controlled Goods without a Permit | 41622 | 11 |
| **Labour, Department of/ Arbeid, Departement van** | | | |
| R. 483 | Occupational Health and Safety Act (85/1993), as amended: Incorporation of Safety Standards into Driven Machinery Regulations, 2015 | 41622 | 13 |
| R. 484 | Occupational Health and Safety Act (85/1993), as amended: Incorporation of safety standards into Lift, Escalator and Passengers Conveyor Regulations, 2010 | 41622 | 14 |
| **Non-Governmental Organization/ Nie-Regeringsorganisasie** | | | |
| R. 485 | Wet op Drankprodukte (60/1989): Wyn van Oorsprong-skema: Wysiging | 41622 | 15 |
| R. 486 | Wet op Drankprodukte (60/1989): Regulasies: Wysiging | 41622 | 18 |
| **Social Development, Department of/ Maatskaplike Ontwikkeling, Departement van** | | | |
| R. 487 | South African Social Security Agency Act (9/2004): Government agency set up to ensure the efficient and effective management, administration and payment of social assistance | 41622 | 42 |

# *Closing times for* **ORDINARY WEEKLY** *REGULATION GAZETTE* 2018

*The closing time is **15:00** sharp on the following days:*

- **28 December 2017,** Thursday for the issue of Friday **05 January 2018**
- **05 January,** Friday for the issue of Friday **12 January 2018**
- **12 January,** Friday for the issue of Friday **19 January 2018**
- **19 January,** Friday for the issue of Friday **26 January 2018**
- **26 January,** Friday for the issue of Friday **02 February 2018**
- **02 February,** Friday for the issue of Friday **09 February 2018**
- **09 February,** Friday for the issue of Friday **16 February 2018**
- **16 February,** Friday for the issue of Friday **23 February 2018**
- **23 February,** Friday for the issue of Friday **02 March 2018**
- **02 March,** Friday for the issue of Friday **09 March 2018**
- **09 March,** Friday for the issue of Friday **16 March 2018**
- **15 March,** Thursday for the issue of Friday **23 March 2018**
- **22 March,** Thursday for the issue of Thursday **29 March 2018**
- **28 March,** Wednesday for the issue of Friday **06 April 2018**
- **06 April,** Friday for the issue of Friday **13 April 2018**
- **13 April,** Friday for the issue of Friday **20 April 2018**
- **19 April,** Thursday for the issue of Thursday **26 April 2018**
- **25 April,** Wednesday for the issue of Friday **04 May 2018**
- **04 May,** Friday for the issue of Friday **11 May 2018**
- **11 May,** Friday for the issue of Friday **18 May 2018**
- **18 May,** Friday for the issue of Friday **25 May 2018**
- **25 May,** Friday for the issue of Friday **01 June 2018**
- **01 June,** Friday for the issue of Friday **08 June 2018**
- **08 June,** Friday for the issue of Friday **15 June 2018**
- **15 June,** Friday for the issue of Friday **22 June 2018**
- **22 June,** Friday for the issue of Friday **29 June 2018**
- **29 June,** Friday for the issue of Friday **06 July 2018**
- **06 July,** Friday for the issue of Friday **13 July 2018**
- **13 July,** Friday for the issue of Friday **20 July 2018**
- **20 July,** Friday for the issue of Friday **27 July 2018**
- **27 July,** Friday for the issue of Friday **03 August 2018**
- **02 August,** Thursday for the issue of Friday **10 August 2018**
- **10 August,** Friday for the issue of Friday **17 August 2018**
- **17 August,** Friday for the issue of Friday **24 August 2018**
- **24 August,** Friday for the issue of Friday **31 August 2018**
- **31 August,** Friday for the issue of Friday **07 September 2018**
- **07 September,** Friday for the issue of Friday **14 September 2018**
- **14 September,** Friday for the issue of Friday **21 September 2018**
- **20 September,** Thursday for the issue of Friday **28 September 2018**
- **28 September,** Friday for the issue of Friday **05 October 2018**
- **05 October,** Friday for the issue of Friday **12 October 2018**
- **12 October,** Friday for the issue of Friday **19 October 2018**
- **19 October,** Friday for the issue of Friday **26 October 2018**
- **26 October,** Friday for the issue of Friday **02 November 2018**
- **02 November,** Friday for the issue of Friday **09 November 2018**
- **09 November,** Friday for the issue of Friday **16 November 2018**
- **16 November,** Friday for the issue of Friday **23 November 2018**
- **23 November,** Friday for the issue of Friday **30 November 2018**
- **30 November,** Friday for the issue of Friday **07 December 2018**
- **07 December,** Friday for the issue of Friday **14 December 2018**
- **13 December,** Thursday for the issue of Friday **21 December 2018**
- **19 December,** Wednesday for the issue of Friday **28 December 2018**

## GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

**DEPARTMENT OF AGRICULTURE, FORESTRY AND FISHERIES**

**NO. R. 482** **11 MAY 2018**

**AGRICULTURAL PESTS ACT, 1983**

**(ACT NO. 36 OF 1983)**

**IMPORTATION OF CONTROLLED GOODS WITHOUT A PERMIT**

I, Senzeni Zokwana, Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries acting under section 3 (4) of the Agricultural Pests Act, 1983 (Act No. 36 of 1983), hereby-

(a) amend Government Notice No. R. 1013 of 26 May 1989 as amended by Government Notices R. 2252 of 26 November 1993, R. 23 of 8 January 1999 as revoked by, R. 57 of 8 January 1999, R. 306 of 15 March 2002, R. 830 of 21 June 2002, R.1058 of 27 October 2006 and R. 49 of 5 February 2010.

(b) determine that the said amendment shall come into operation on the date of publication of this notice.

**S. Zokwana**
**Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries**

# SCHEDULE

## Definition

1. In this schedule "the Notice" means Government Notice No. R. 1013 of 26 May 1989 as amended by Government Notices R. 2252 of 26 November 1993, R. 23 of 8 January 1999 as revoked by, R. 57 of 8 January 1999, R. 306 of 15 March 2002, R. 830 of 21 June 2002, R.1058 of 27 October 2006 and R. 49 of 5 February 2010.

## Amendment of Table 1 of the Notice

2. Table 1 of the Notice is hereby amended by the deletion of the following expressions and requirements thereof:

(a) *Cotoneaster*, *Eriobotrya, Ficus* and *Rhododendron* in item 1.

(b) *Rhododendron* and *Ziziphus* in item 3.

(c) *Rhododendron* in item 5.

(d) *Rhododendron* in item 6.

(e) *Rosaceae* in item 11.

(f) *Prunus* in item 16.

(g) *Cornus florida* and *Corylus* (only the nuts of thereof) in item 19.

**DEPARTMENT OF LABOUR**

**NO. R. 483** **11 MAY 2018**

## OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT (ACT NO. 85 OF 1993), AS AMENDED

## INCORPORATION OF SAFETY STANDARDS INTO DRIVEN MACHINERY REGULATIONS, 2015

I, T. Szana, appointed as the chief inspector in terms of section 27(1) of the said Act, and by virtue of the powers delegated to me by the Minister of Labour in terms of section 42(1) of the Act, after consultation with the Advisory Council for Occupational Health and Safety, hereby, under section 44 of the Occupational Health and Safety Act (Act No. 85 of 1993), as amended, amend the schedule in the Driven Machinery Regulations, 2015 by removing SANS 2972.

T. Szana
Chief Inspector

**DEPARTMENT OF LABOUR**

**NO. R. 484** **11 MAY 2018**

## OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT (ACT NO. 85 OF 1993), AS AMENDED

## INCORPORATION OF SAFETY STANDARDS INTO LIFT, ESCALATOR AND PASSENGER CONVEYOR REGULATIONS, 2010

I, T. Szana, appointed as the chief inspector in terms of section 27(1) of the said Act, and by virtue of the powers delegated to me by the Minister of Labour in terms of section 42(1) of the Act, after consultation with the Advisory Council for Occupational Health and Safety, hereby, under section 44 of the Occupational Health and Safety Act (Act No. 85 of 1993), as amended, amend the schedule in the Lift, Escalator and Passenger Conveyor Regulations, 2010 by replacing SANS 50081-1 and SANS 50081-2 with SANS 50081-20 and SANS 50081-50.

In the interim units sold and installed are expected to comply with either SANS 50081-1 and SANS 50081-2 or SANS 50081-20 and SANS 50081-50.

Units sold after 29 November 2019 will have to comply with requirements of SANS 50081-20 and SANS 50081-50 only.

T. Szana

Chief Inspector

**NIE-REGERINGSORGANISASIE**

**NO. R. 485** **11 MEI 2018**

WET OP DRANKPRODUKTE, 1989

(WET No. 60 VAN 1989)

WYN VAN OORSPRONG-SKEMA: WYSIGING

Ek, Senzeni Zokwana, Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, handelende kragtens artikel 14 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), op aanbeveling van die Wyn- en Spiritusraad bedoel in artikel 2 van genoemde Wet, wysig hierby die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 1990, soos gewysig, tot die mate in die Bylae uiteengesit.

S. ZOKWANA,
Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

# BYLAE

## Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Skema" die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1434 van 29 Junie 1990, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No's R. 837 van 19 April 1991, R. 2842 van 29 November 1991, R.1054 van 10 April 1992, R. 2594 van 11 September 1992, R. 3231 van 27 November 1992, R. 546 van 2 April 1993, R. 1375 van 30 Julie 1993, R. 1021 van 27 Mei 1994, R. 2067 van 2 Desember 1994, R. 814 van 9 Junie 1995, R. 1875 van 8 Desember 1995, R. 1039 van 8 Augustus 1997, R 834 van 26 Junie 1998, R 324 van 19 Maart 1999, R. 19 van 12 Januarie 2001, R. 829 van 21 Junie 2002, R. 1306 van 25 Oktober 2002 soos reggestel by R. 1503 van 6 Desember 2002, R.1819 van 19 Desember 2003, R. 835 van 26 Augustus 2005, R. 813 van 11 Augustus 2006, R. 554 van 22 Mei 2009, R. 526 van 13 Julie 2012, R. 403 van 2 Mei 2014 en R. 628 van 24 Julie 2015.

## Wysiging van Tabel 1 van die Skema

2. Tabel 1 van die Skema word hierby gewysig –

   (a) deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)***" deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)" te vervang;

   (b) deur die inskrywing "Barbarossa***" deur die inskrywing "Barbarossa" te vervang;

   (c) deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache)" deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache; Grenache noir)" te vervang;

   (d) deur die inskrywing "Kristal***" deur die inskrywing "Kristal" te vervang;

   (e) deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei)" deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei; Listán blanc;

Listón blanco)" te vervang;

(f) deur die inskrywing "Sauvignon blanc (Blanc Fumé)" deur die inskrywing "Sauvignon blanc (Blanc Fumé; Fumé blanc)" te vervang; en

(g) deur die inskrywing " Vermentino" op die alfabeties korrekte plek in te voeg.

Wysiging van Tabel 4 van die Skema

3. Tabel 4 van die Skema word hierby gewysig deur elke paragraaf (m) in kolom 3 deur die volgende paragraaf te vervang:

"(m) Mikrobiologiese bederwing (soos "Brettanomyces", asyn en muis)".

**NIE-REGERINGSORGANISASIE**

**NO. R. 486** **11 MEI 2018**

WET OP DRANKPRODUKTE, 1989

(WET No. 60 VAN 1989)

REGULASIES : WYSIGING

Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye het kragtens artikel 27 van die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet No. 60 van 1989), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1433 van 29 Junie 1990 soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 838 van 19 April 1991, R. 2841 van 29 November 1991, R. 2079 van 24 Julie 1992, R. 2593 van 11 September 1992, R. 2791 van 2 Oktober 1992, R. 3152 van 20 November 1992, R. 1376 van 30 Julie 1993, R. 2350 van 10 Desember 1993, R. 356 van 25 Februarie 1994, R. 636 van 8 April 1994, R. 1022 van 27 Mei 1994, R. 2242 van 23 Desember 1994, R. 394 van 17 Maart 1995, R. 1695 van 30 November 1995, R. 1876 van 8 Desember 1995, R. 501 van 29 Maart 1996, R. 1038 van 8 Augustus 1997, R. 1141 van 29 Augustus 1997, R. 833 van 26 Junie 1998, R. 1078 van 28 Augustus 1998, R. 70 van 22 Januarie 1999, R. 672 van 28 Mei 1999, R. 951 van 6 Augustus 1999, R. 21 van 12 Januarie 2001, R. 678 van 27 Julie 2001, R. 343 van 7 Maart 2003, R. 77 van 3 Februarie 2006, R. 814 van 11 Augustus 2006, R. 846 van 14 September 2007, R.

171 van 15 Februarie 2008, R. 555 van 22 Mei 2009, R. 413 van 21 Mei 2010, R. 525 van 13 Julie 2012, R. 401 van 2 Mei 2014 en R. 629 van 24 Julie 2015.

Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies

2. Regulasie 1 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur die omskrywing van "gekonsentreerde mos" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'gekonsentreerde mos' –

(a) die vloeibare ongekaramelliseerde produk wat deur die gedeeltelike ontwatering van mos verkry is, en waarvan die soortlike gewig minstens 1,24 is; of

(b) die soliede ongekaramelliseerde produk wat sonder die gebruik van oplosmiddels verkry is deur die kristallisasie van vloeibare gekonsentreerde mos, en waarvan die soortlike gewig minstens 1,24 is na verdunning vir gebruik;"; en

(b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "geurmiddel" in te voeg:

"'hoofetiket' die etiket wat die klant normaalweg sien in die meeste eiehulp kleinhandelaars;".

Wysiging van regulasie 11A van die Regulasies

3. Regulasie 11A van die Regulasies word hierby gewysig deur die bewoording wat subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subregulasie (1) voorafgaan deur die volgende bewoording te vervang:

"(b) vir 'n tydperk van minstens drie maande deur opberging verouder word in eikehoutvate –".

Wysiging van regulasie 21 van die Regulasies

4. Regulasie 21 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(b) die onmiskenbare smaak- en geurkenmerk van jenewer hê en moet duidelik onderskeibaar wees van ander spiritusklasse;

(c) 'n alkoholinhoud van minstens 43 persent hê.".

Wysiging van regulasie 29 van die Regulasies

5. Regulasie 29 van die Regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) Die suikerinhoud, uitgedruk as invertsuiker, van 'n spiritusbasisdrank moet, in die geval van likeur, spiritusmengeldrank en roomlikeur, minstens 75 gram per liter wees.".

Wysiging van regulasie 33 van die Regulasies

6. Regulasie 33 van die Regulasies word hierby gewysig deur subparagraaf (i) van paragraaf (a) van subregulasie (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) 'n dopmasereerde wit, 'n verlengde vatverouderde wit/gris, 'n natuurlik bleek/ongefortifiseerde bleek, 'n methode ancestrale, 'n alternatiewe wit/rooi, 'n perlé-wyn, 'n vonkelwyn of 'n sonwyn is; of".

Wysiging van regulasie 35 van die Regulasies

7. Regulasie 35 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) in die geval van wyn van 'n klas in kolom 1 van Tabel 2 vermeld, die toepaslike benaming wees wat in daardie kolom vermeld word: Met dien verstande dat –

(i) in die geval van wyn van die klas methode ancestrale waarvan die druk in die bottel waarin dit verkoop staan te word, gelyk aan of minder as 300 kPa is, die klasbenaming "perlé-wyn" aangedui moet word in samehang met "methode ancestrale", waar dit ook al voorkom op 'n etiket; en

(ii) in die geval van wyn van die klas methode ancestrale waarvan die druk in die bottel waarin dit verkoop staan te word, meer as 300 kPa is, die klasbenaming "vonkelwyn" aangedui moet word in samehang met "methode ancestrale", waar dit ook al voorkom op 'n etiket;" en

(b) deur paragraaf (a) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) Die woord "wyn" of "wine", wat deel uitmaak van die klasbenaming van wyn van 'n klas in items 1 tot 7, 8, 18 en 19 van Tabel 2 vermeld, kan weggelaat word wanneer die betrokke klasbenaming op 'n etiket aangedui word.".

Wysiging van regulasie 38B van die Regulasies

8. Regulasie 38B van die Regulasies word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Die lotidentifikasie moet bestaan uit enige aanduiding of merk wat die lot waartoe 'n drankproduk behoort, identifiseer, voorafgegaan deur die letter "L": Met dien verstande dat die beherende amptenaar, in die geval van wyn ingevoer in die etiketteerde houers waarin dit verkoop staan te word in die Republiek, 'n lotidentifikasie sonder sodanige voorafgaande "L" mag toelaat.".

Wysiging van regulasie 39 van die Regulasies

9. Regulasie 39 van die Regulasies word hierby gewysig deur die bewoording wat paragraaf (a) van subregulasie (5) voorafgaan deur die volgende bewoording te vervang:

"(5) Indien die uitdrukkings “koöperatief”, “koöperatiewe”, “koöperasie”, “co-operative”, “wynmakery”, “wijnmakerij”, “winery”, “wynkelder”, “wine cellar”, “maatskappy”, “company”, “wynboere”, “wine farmers”, “boere”, “farmers”, “landbou”, “agriculture”, “beperk” of “limited” deel uitmaak van ‘n naam in subregulasie (4) bedoel, kan daardie uitdrukking vervang word met die uitdrukkings “koöp”, “ko-op”, “co-op”, “wynkelder”, “wine cellar”, “wynmakery”, “wijnmakerij”, “winery”, “kelder”, “cellar” of ander uitdrukking of uitdrukkings deur die raad goedgekeur, wat –".

Wysiging van regulasie 41 van die Regulasies

10. Regulasie 41 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur paragraaf (a) van subregulasie (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) mag slegs in 'n self-ondersteunende en rigiede houer voorafverpak word; of";

(b) deur subparagraaf (i) van paragraaf (b) van subregulasie (3) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) voorafverpak wees in 'n self-ondersteunende, nie-teruggeebare, peutervrye en rigiede buiteverpakking wat daardie houer volledig omsluit en toemaak;"; en

(c) deur paragraaf (b) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) nuwe en rigiede plastiek wees;".

Wysiging van Tabel 1 van die Regulasies

11. Tabel 1 van die Regulasies word hierby gewysig –

(a) deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)***" deur die inskrywing "Alvarinho (Albarino)" te vervang;

(b) deur die inskrywing "Barbarossa***" deur die inskrywing "Barbarossa" te vervang;

(c) deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache)" deur die inskrywing "Grenache (Rooi/Red Grenache; Grenache noir)" te vervang;

(d) deur die inskrywing "Kristal***" deur die inskrywing "Kristal" te vervang;

(e) deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei)" deur die inskrywing "Palomino (Fransdruif; White French; Malvasia Rei; Listán blanc; Listón blanco)" te vervang;

(f) deur die inskrywing "Sauvignon blanc (Blanc Fumé)" deur die inskrywing "Sauvignon blanc (Blanc Fumé; Fumé blanc)" te vervang; en

(g) deur die inskrywing " Vermentino" op die alfabeties korrekte plek in te voeg.

Wysiging van Tabel 5 van die Regulasies

12. Tabel 5 van die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende inskrywings op the numeries korrekte plek in te voeg:

| **Klas** | **Wyse van produksie en vereistes** | **Alkoholinhoud** | |
|---|---|---|---|
| | | **Minimum %** | **Maksimum %** |
| **1** | **2** | **3** | |
| "5. Bittersmaak | Die produk moet 'n oorwegend bitter smaak hê, wat | 15,0 | *" |

| Klas | Wyse van produksie en vereistes | Alkoholinhoud | |
|---|---|---|---|
| | | Minimum % | Maksimum % |
| 1 | 2 | 3 | |
| spiritusbasis-drank / Bitters | geproduseer word deur geurmiddels van plantaardige oorsprong of geurmiddels wat natuuridenties is, by 'n spiritus te voeg. | | |

Vervanging van Tabel 6 van die Regulasies

13. Tabel 6 van die Regulasies word hierby deur die volgende Tabel vervang:

**"TABEL 6**

**STOWWE WAT BY DRANKPRODUKTE GEVOEG MAG WORD**

**[Reg. 30]**

| Naam van stof | Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word | Wyse en voorwaardes van byvoeging |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| Agar-agar / Agar | wyn; alkoholiese vrugte-drank; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank | |
| Akasiagom / Arabiese gom | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank | Hierdie stof mag slegs na voltooiing of beëindiging van alkoholiese gisting bygevoeg word. |
| Ammoniak | wyn | |
| Ammoniumbisulfiet | wyn | |
| Ammoniumfosfaat | wyn | |
| Ammoniumsulfaat | wyn; alkoholiese vrugtedrank | |
| Ammoniumsulfiet | wyn | |
| Annatto ekstrak K.I. 75120 | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasis-drank | Die finale produk mag nie meer as 100mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Antosianien | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritus-basisdrank | Die finale produk mag nie meer as 300mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Appelmelksuurgistings-bakterieë | wyn | |
| Appelsuur | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank | |
| Argon | wyn | |

| Naam van stof | Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word | Wyse en voorwaardes van byvoeging |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| Askorbiensuur | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritus-basisdrank | Die finale produk mag, in die geval van wyn en druifbasisdrank, nie meer as 150mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Asorubien of Karmoïsien K.I. 14720 | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 100mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Asynsuur | alkoholiese vrugtedrank; spiritusbasisdrank | |
| Beetrooi of Betanien | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 30mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Bensoësuur | alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 250mg/l, bereken as bensoësuur, van hierdie stof bevat nie. |
| Bentoniet | Alle tipes en klasse | |
| Chemiese gemodifiseerde stysels (chemies en ensimaties afkomstig) | alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank. | |
| Chitienglukaan afkomstig van *Aspergillus Niger* | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank | Ooreenkomstig die bepalings van nota 1. |
| Chitosan afkomstig van *Aspergillus Niger* | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank | Ooreenkomstig die bepalings van nota 1. |
| Chlorofill K.I. 75810 | druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 30mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Cochenille, Karmynsuur of Karmien K.I. 75470 | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 200mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Dessertwyn | dopspiritus; premium dopspiritus; potketel-brandewyn, brandewyn, vintage-brandewyn, whisky, moutwhisky en gemengde whisky | Die stof mag slegs tot so 'n mate bygevoeg word dat die totale suikerinhoud van die finale produk, bereken as reduserende suiker, nie 15g/l oorskry nie. |
| Diammonium gliserolfosfaat | wyn | |
| Diammoniumfosfaat | wyn; alkoholiese vrugtedrank | |
| Die finale alkoholiese produk van die gisting van vrugte wat tot so 'n mate van sy | spiritusbasisdrank | |

| Naam van stof | Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word | Wyse en voorwaardes van byvoeging |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| karakter gestroop is dat die wesenlike geur en smaak van die betrokke gegiste alkoholiese vrugteproduk verlore geraak het. | | |
| Dimetieldikarbonaat (DMDC/Velcorin) | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank | Die finale produk mag in die geval van:<br>a) 'n spiritusbasisdrank, nie meer as 100mg/l van hierdie stof bevat nie;<br>b) wyn, nie meer as 200mg/l van hierdie stof bevat nie;<br>c) alle ander drankprodukte, nie meer as 250mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Eiergeel | druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | |
| Eierwit | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank; spiritusbasisdrank | |
| Emulgeermiddels | druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | |
| Ensieme | wyn; alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank | |
| Eritrosien BS K.I. 45430 | ongespesifiseerde alkoholiese vrugtedrank; druifbasisdrank (uitgesonderd druifdrank); spiritusbasisdrank | Die finale produk mag nie meer as 30mg/l van hierdie stof bevat nie. |
| Filtreermiddels van inerte materiaal | Alle tipes en klasse | Geen ongewenste residu mag in die behandelde produk agterbly nie. |
| Gekonsentreerde mos | wyn (uitgesonderd spesiale laat-oeswyn, wyn van natuurlike gedroogde druiwe en edel laat-oeswyn); dopspiritus, premium dopspiritus, potketelbrandewyn, brandewyn en vintage-brandewyn; druifbasisdrank | 1. In onrekonstitueerde vorm mag hierdie stof -<br>(a) in die geval van wyn van die klasse in items 27 tot 34 van Tabel 2 vermeld, slegs bygevoeg word soos in daardie Tabel toegelaat;<br>(b) in die geval van ander wyn, voor of tydens alkoholiese |

| Naam van stof | Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word | Wyse en voorwaardes van byvoeging |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| | | gisting bygevoeg word en op voorwaarde dat-<br><br>(i) die volume van die mos waarby dit gevoeg word nie met meer as 5 persent mag verhoog as gevolg van sodanige byvoeging nie; en<br><br>(ii) die totale (werklike plus potensiële) alkoholgehalte van die finale produk nie as gevolg van sodanige byvoeging met meer as 2 persent per volume mag verhoog nie;<br><br>(c) andersins, slegs na voltooiing of beëindiging van alkoholiese gisting bygevoeg word; en<br><br>(d) in die geval van die spiritualieë in kolom 2 vermeld, slegs tot so 'n mate bygevoeg word dat die suikerinhoud van die finale produk, bereken as reduserende suiker, nie 15g/l oorskry nie.<br><br>2. In rekonstitueerde vorm mag hierdie stof -<br><br>(a) slegs by wyn of 'n druifbasisdrank gevoeg word, hetsy voor, tydens of na alkoholiese gisting;<br><br>(b) in die geval van wyn, slegs by wyn nie bestem vir sertifisering nie, gevoeg word en op voorwaarde dat –<br><br>(i) dit nie tot onder 20 grade Balling rekonstitueer word |

| Naam van stof | Drankprodukte waarby stof gevoeg mag word | Wyse en voorwaardes van byvoeging |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| | | nie;<br><br>(ii) kennis wat die volume water gebruik te word en die grade Balling van die betrokke gekonsentreerde mos moet insluit, moet aan die beherende amptenaar gegee word minstens 24 uur voor die aanvang van die rekonstituering;<br><br>(iii) rekonstituering mag nie 'n aanvang neem tensy goedgekeur deur die beherende amptenaar nie;<br><br>(iv) enige verdere rekonstituering is onderworpe aan die voorwaardes in subparagrawe (i), (ii) en (iii) van hierdie pararagraaf uiteengesit;<br><br>(v) na alkoholiese gisting en enige versoeting van die betrokke wyn, moet die wyn ontleed word vir alkohol en ressuiker en sodanige ontledings moet vir 'n tydperk van minstens vyf jaar op rekord gehou word. |
| Gelatien | Alle tipes en klasse | |
